## OOR HISTORIESE WAARHEID *

By hierdie geleentheid van die amptelike aanvaarding van 'n professoraat in die Geskiedenis, vra ek u welwillende aandag vir enkele gedagtes oor 'n onderwerp wat ek wil betitel: *oor historiese waarheid.*

Vooraf is egter enkele verduidelikinge nodig.

(a) By die aanhoor van hierdie titel kan dadelik die vraag gestel word: wat is waarheid? Daarom moet dit in die eerste plek duidelik verstaan word dat, hoewel ek my hier ook effens op die terrein van die filosofie van die Geskiedenis gaan beweeg, dit geensins in my bedoeling lê om hierdie vraag filosofies te benader en 'n antwoord daarop te probeer gee nie. Dit gaan hier oor *historiese* waarheid, en dan wel oor historiese waarheid as 'n *praktiese saak* waarmee elke beoefenaar van die geskiedeniswetenskap, hetsy navorser of dosent, elke oomblik van sy lewe te doen het. Wat in hierdie verband onder *historiese waarheid* verstaan word, sal aanstons nader verduidelik word.

(b) Tweedens is die betiteling van die onderwerp. „*Oor* historiese waarheid", waarmee dit meteen dan duidelik sal wees dat wat ek hier wil voorhou geen volledige referaat oor historiese waarheid is nie maar slegs 'n aantal gedagtes in verband daarmee.

### *Wat word onder „historiese waarheid" verstaan?*

Om hierdie vraag te kan beantwoord is dit nodig om aan die taak en werksaamhede van die historikus effens nader aandag te gee en om in verband daarmee kortliks te onderskei tussen die begrippe *waarheid* en *historiese waarheid*, soos wat dit verder in hierdie rede gebruik

---

* Inougurele rede gelewer by die aanvaarding van 'n professoraat in Geskiedenis aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., op 6 Maart 1964.

sal word — ek herhaal egter weer met nadruk, *nie* as filosofiese probleme nie maar as *praktiese aspekte,* onafskeidelik verbonde aan die taak en werksaamhede van die beoefenaar van die geskiedeniswetenskap.

In die eerste plek is dit dan die taak van die historikus om 'n studie te maak van handelinge van die mens in die verlede. Raymond Aron (professor in die Sosiologie aan die Sorbonne) definieer die Geskiedenis, in engere sin, as die wetenskap van die menslike verlede.[1]) Oor hierdie taak bestaan daar geen twyfel en ook geen verskil van opinie onder die beoefenaars van die historiese wetenskap nie, want watter aspek of onderafdeling van die geskiedenis ook al ondersoek word, en uit watter standpunt dit ook al gedoen word, is dit altyd *menslike handelinge* wat ondersoek word. So het Herodotus, die „vader van die geskiedeniswetenskap" (c. 484—c. 425 v.C.) dit alreeds aan die begin van sy *Geskiedenis* duidelik gestel dat hy die resultate van sy ondersoek publiseer met die hoop om sodoende te verseker dat *dit wat mense gedoen* het in herinnering gehou sal word, en om te voorkom dat die *groot en wonderlike handelinge van die Grieke en Barbare* hulle glorie sal verloor.[2]) Só sien ons dit vandag nog. Aan die begin van ons eeu het Bernheim o.a. baie uitdruklik verklaar dat *net* die mens die studieobjek van die geskiedenis is,[3]) terwyl Collingwood in 1951 op die vraag „what kind of things does history find out?" as volg antwoord: „res gestae: actions of human beings that have been done in the past".[4]) Ek noem slegs hierdie twee uitsprake as voorbeelde van baie ander met dieselfde inhoud wat nog aangehaal kan word.

Die historikus is egter nie geïnteresseerd in *al* die handelinge van die mens nie en ook nie in die handelinge van *alle* mense nie, d.i. nie in alle feite nie. Dit is egter nie nou die geleentheid om breedvoerig daarop in te gaan watter handelinge van die mens en watter mense se handelinge vir studie deur die Geskiedenis in aanmerking kom nie. Dit het ek reeds elders gedoen in 'n artikel waarin ek 'n uiteensetting probeer gee het van wat Geskiedenis en sy studieterrein is.[5]) Vir die doel van my

verdere betoog is dit voldoende om die taak van die historikus, ooreenkomstig Bernheim se definisie van Geskiedenis, te omskrywe as die navorsing en die beskrywing van die tydelik en ruimtelik bepaalde feite met betrekking tot die ontwikkeling van die mense in hulle individuele, tipiese en kollektiewe handelinge as sosiale wesens in hul psigiese en fisiese kousale verband;[6]) of ooreenkomstig Bauer se omskrywing van die Geskiedenis, is dit die taak van die historikus om die verskynsels van die lewe te probeer beskryf en herbelewend te verklaar vir sover dit om veranderinge gaan wat meegebring word deur die mens se verhouding teenoor sy verskillende samelewingsgroepe („gesellschaftlichen Gesamtheiten"), en probeer hy dit doen deur dié veranderinge uit die oogpunt van hulle uitwerking op die daaropvolgende tydvak of met betrekking tot hulle kenmerkende eienskappe uit te kies en hom toe te spits op daardie veranderinge wat in die tyd en die ruimte onherhaalbaar is.[7])

Hierdie fisiese en/of geestelike handelinge van mense-in-gemeenskap staan in die nouste verband met *gebeurtenisse* wat in die verlede plaasgevind het omdat dit juis dié handelinge is wat aan gebeurtenisse oorsprong en leiding gee. Gebeurtenisse staan ook bekend as *feite.* Dit is vir ons doel nie nodig om 'n ontleding van die begrip „feit" te maak nie, omdat daar geen twyfel bestaan oor wat onder *feit* verstaan moet word nie, soos uit die volgende enkele omskrywinge blyk.

a. *Die Oxford English Dictionary* definieer 'n feit as „a thing done or performed; something that has really occurred", d.w.s. 'n gedane handeling, 'n afgehandelde daad, 'n gebeurtenis wat werklik plaasgevind het.

b. Dieselfde betekenis word ook deur dr. C. Kruyskamp aangegee. Volgens hom is 'n feit 'n „verrichtte daad; . . . wat werkelijk is of heeft plaats gehad, gebeurtenis of omstandigheid waarvan de werkelijkheid of het geschied-zijn vaststaat . . ."[8]),

c. terwyl dit in ons eie *Afrikaanse Woordeboek* ook omskryf word as „iets wat deur regstreekse waarneming

geken word; gebeurtenis, geestelik of fisies, wat werklik plaasgevind het of ondervind is".

d. Om hierdie enkele omskrywinge af te sluit haal ek nog net H. G. Stoker se antwoord aan op die vraag wat onder *feit* verstaan moet word. Hy skryf: „Ook hier mag 'n etimologiese ondersoek ons aanvanklik help. ‚Feit' staan etimologies in verband met die Latynse woord ‚factum' (afgelei van ‚fieri': te doen, te gebeur) en beteken iets wat ontstaan of ontstaan het, iets wat gebeur of gebeur het, iets wat 'n oorsaak en 'n gevolg het, iets wat gedoen word of gedoen is. Ook die Duitse woord ‚Tatsache' dui op dieselfde (betekenis). 'n Feit staan dus in innige verband met 'n gebeurtenis (met werking, met die werklikheid, werk-ende, be-werk-te). Ons gaan feit 'n gebeurtenis noem. Orals waar iets gebeur of oorsaak of gevolg van gebeure is, het ons met feite te doen".[9])

Dit is dan hierdie *feite*, hierdie *gebeurtenisse*, hierdie *resultate van menslike handelinge* wat deur die historikus ondersoek word.

Aan die bestaan van hierdie feite, vanselfsprekend vir sover dit aan die mens bekend is, twyfel niemand nie. Almal wat op een of ander wyse daarmee in aanraking kom erken dit as *waar*, sodat *feit* en *waarheid* eintlik sinoniem met mekaar word. Dit blyk o.a. duidelik uit die gebruik van die woord „feit" in ons alledaagse spreektaal, naamlik dat as mens die waarheid van 'n mededeling of vertelling bo alle twyfel wil verseker, jy jou van die uitdrukking bedien: „dit is 'n *feit*", waarmee dan bedoel word: dit kan bo alle twyfel aanvaar word; dit kan sonder meer geglo word; dit is presies soos dit gestel is; dit is geen verkeerde of valse voorstelling nie, ensovoorts. So is daar niemand wat dit in twyfel trek of ontken dat goud in 1886 op die Witwatersrand ontdek is nie; dat Victoria in 1837 koningin van Brittanje geword het nie; dat die Sandrivierkonvensie onderteken is en dat deur dié ondertekening die onafhanklikheid van Transvaal in 1852 deur Brittanje erken is nie; dat die Anglo-Boereoorlog op 31 Mei 1902 met die Vrede van Vereeniging

tot 'n einde gekom het nie; dat die Republiek van Suid-Afrika op 31 Mei 1961 tot stand gekom het nie.

Gebeurtenisse en feite is dus *waar* en *objektief*. Dit het op sekere plekke en tye plaasgevind en tot stand gekom en niks en niemand kan dit anders maak as wat dit plaasgevind het nie en kan ook nie daarmee wegdoen nie. Dit is verder vir almal wat daarmee te doen kry eenders. Hier het die historikus dan met *waarheid* te doen, en hierdie waarheid word deur hom ondersoek.

Ooreenkomstig die doel van alle ondersoek wil die historikus met sy ondersoek van die feite in die verlede kennis verkry van daardie bepaalde gebeurtenisse, soos wat dit in die tyd en ruimte plaasgevind het. Anders as die natuurwetenskaplike, wat dieselfde eksperiment soveel keer as wat hy verkies kan herhaal totdat hy algehele tevredenheid het dat hy alles wat hy wil daaromtrent te wete gekom het, kan die historikus die feite (gebeurtenisse, handelinge) nie in die werklikheid rekonstrueer of weer laat plaasvind nie, want daardie gebeurtenisse het elkeen net een keer plaasgevind op net een bepaalde tydstip en op een bepaalde plek. Dit is *eenmalige, tyds-* en *plekgebonde* gebeurtenisse of handelinge en as sodanig moet dit deur die historikus bestudeer word.

Uit hierdie eenmaligheid, tyds- en plekgebondenheid en onherhaalbaarheid van die feite volg dit vanselfsprekend dat die historikus nie die gebeurtenisse wat hy bestudeer persoonlik direk kan waarneem en ervaar nie. Gevolglik bestaan sy kennisverkryging daarin dat hy vir homself in sy gees 'n *voorstelling* van die bepaalde gebeurtenis moet maak; dat hy vir homself 'n duidelike *beeld* moet vorm van wat in die verlede plaasgevind het sodat dié kennis wat hy aangaande bepaalde feite bekom, niks anders as *ver-beelde* kennis van die waarheid (werklikheid) is nie.[10]) Dit is hierdie *ver-beelde* kennis wat hy in woord en geskrif aan ander oordra en dit is hierdie kennis wat bekend is as *historiese kennis*.

Die taak wat die historikus uitvoer kan dus gesien word as 'n *verbeelde* rekonstruksie van die verlede. Die historikus word die skepper en verteller van 'n *verhaal*

— die verhaal van wat in die verlede plaasgevind het, ooreenkomstig die *beeld* wat hy in sy gees gevorm het van gebeurtenisse en handelinge van mense wat deur hom bestudeer is.

In die vorming van die beeld van die verlede en die skepping van die verhaal van wat plaasgevind het moet die historikus sorg dra dat die besonderhede van sy beeld en verhaal *werklikheidsgetrou* moet wees, d.w.s. dat dit so 'n *ware verhaal as moontlik* van die gebeurtenis(se) moet wees. Soos wat die feit waar is, moet ook die verhaal daarvan waar wees, en dit is hierdie waarheid wat *historiese waarheid* genoem word.

*Waarheid* is dus wat werklik gebeur het; *historiese waarheid* is die verhaal van daardie gebeure, die kennis aangaande die gebeure. Die eis wat deur die geskiedeniswetenskap aan sy beoefenaar gestel word is dan om tot hierdie hoogs moontlike historiese waarheid te geraak, d.i. om die verhaal van die gebeure sover en so volledig as moontlik met dit wat werklik gebeur het te laat ooreenstem.

Só het historici van die vroegste tye af hulle taak gesien en probeer uitvoer. Onder die eerste Griekse geskiedskrywers, die „logographoi", was dit veral *Hecataeus van Miletus* (c. 550—478 v.C.) — wie se werk tot so 'n groot mate as bron vir Herodotus gedien het dat sommige historici geneig gevoel het om hom, eerder as Herodotus, as die vader van die geskiedskrywing te beskou — wat die nastrewing van die waarheid in sy ondersoeke doelbewus vir homself as ideaal gestel het en wat tot hierdie waarheid wou kom d.m.v. wat ons in die moderne wetenskapstaal kan noem, 'n kritiese benadering van die gegewens wat hy ondersoek het. In die eerste paragraaf van sy *Genealogieë* het hy dan ook baie duidelik verklaar: „wat ek hier skrywe, is 'n verslag van wat ek as waar beskou; want die verhale van die Grieke is veelvuldig en, na my mening, belaglik".[11]) Ook *Thucydides*, die groot Griekse geskiedskrywer uit die 5e eeu v.C., het die nastrewing van historiese waarheid as dié doel van sy historiese ondersoek en geskiedskrywing gestel. Vir hom

was die taak van die geskiedskrywer die *soek na waarheid* soos duidelik blyk uit paragrawe 21 en 22 van sy „Geskiedenis van die Peloponnesiese Oorloë", en hy betreur dit dat sommige „navorsers" so min moeite gedoen het om na die waarheid te soek, waardeur hulle maar weer net in die reeds gevormde verkeerde opvattinge verval het.[12])

Voorbeelde van soortgelyke uitsprake van geskiedbeoefenaars deur die eeue heen tot vandag toe kan vermenigvuldig word. Een van hierdie uitsprake wat al byna klassiek geword het, is dié van *Leopold von Ranke* (1795—1886), die groot meester van die geskiedskrywing uit die vorige eeu, naamlik dat dit die taak en doel van die historikus is om vas te stel en te beskrywe „wie es eigentlich gewesen ist". Daarmee het hy dit niks minder duidelik gestel as wat Thucydides dit in die 5e eeu v.C. gedoen het, dat akkuraatheid van data — historiese waarheid — die fondament van die geskiedenis is nie. En so erken elkeen wat met die Geskiedenis te doen het vandag nog dat dit die primêre taak van die historikus is om tot *historiese waarheid* te geraak.

*Waar kry die historikus sy kennis van die gebeurde vandaan op grond waarvan hy 'n beeld daarvan in sy gees opbou?*

Dit is pas hierbo gestel dat die feite wat deur die historikus ondersoek word eenmalig, aan 'n bepaalde tyd en plek gebonde en onherhaalbaar is. Weens dié verwyderdheid tussen navorser en feit, veral wat tyd en miskien in mindere mate ruimte betref, kan die historikus die gebeure (feite) dus nie direk waarneem nie en kan hy alleen deur middel van *indirekte waarneming* kennis aangaande die feite verkry.

Om hierdie kennis te bekom is die historikus afhanklik van en aangewese op sekere nog bestaande gegewens aangaande die betrokke feite. Hierdie gegewens, of liewer die vorme waarin die gegewens vervat is, staan bekend as *historiese bronne* (Duits: „Geschichtsquellen"), waar-

onder dan *alle* vorme van gegewens wat vir die historikus in die verkryging van die nodige kennis van waarde kan wees inbegryp word. Sommige skrywers spreek slegs van *dokumente* wanneer hulle oor *historiese bronne* handel, vanweë die besondere en oorwegende plek wat geskrewe dokumente onder die historiese bronne inneem.

So 'n historiese dokument is wat Philippen noem: „de sporen nagelaten door het historisch feit. Het historisch dokument mag beschouwd worden als een spiegel die het historisch feit weerkaatst".[13]) Langlois en Seignobos omskryf dokumente as „the traces which have been left by the thoughts and actions of men of former times".[14]) In die plek van die woord *dokument* in hierdie twee omskrywinge kan net sowel die term *historiese bron* gebruik word, want daardie spore wat deur die denke en handelinge van mense, d.w.s. deur elke kultuur, nagelaat word, bestaan nie net uit geskrewe dokumente nie maar uit allerlei „tekens van vergange lewe", waaronder ook konkrete oorblyfsels soos klere, implemente, huishoudelike gebruiksartikels, wapens, voertuie, meubels, muntstukke, seëls, kunsvoorwerpe, portrette, ensovoorts.[15]) Dit is hier nie die plek en geleentheid om 'n uiteensetting of selfs 'n oorsig te gee van die indeling van historiese bronsoorte nie.[16]) Vir ons doel is dit voldoende om te sê dat onder *historiese bronne* in die wydste sin van die woord verstaan word *alles* „was uns zur geistigen Rekonstruktion geschichtlichen Lebens den Stoff liefert",[17]) of soos Paul Kirn dit stel: „Quellen nennen wir alle Texte, Gegenstände oder Tatsachen, aus denen Kenntnis der Vergangenheit gewonnen werden kann".[18])

Na hierdie betoog is dit seker nie nog nodig om te beklemtoon dat die historikus sonder hierdie bronne, veral geskrewe dokumente, niks kan vermag nie. Trouens, as daar geen spore van die menslike denke en handelinge uit die verlede oorgebly het nie, kan die historikus geen kennis aangaande die feite in die verlede bekom nie en is daardie feite vir hom so goed asof dit nooit bestaan het nie. Gevolglik sal dit vir hom in so 'n geval ook nie moontlik wees om 'n verhaal van wat in die verlede ge-

beur het te vertel nie. Hieruit vloei voort dat die historikus kennis kan verkry alleen van daardie feite wat *herken* kan word, d.w.s. wat spore nagelaat het, welke spore nog bestaan en bekombaar is, en dat hy alleen sóveel kennis aangaande die feite kan verkry as wat die bewaargeblewe bronne aan hom kan verstrek. Langlois en Seignobos stel die saak baie eenvoudig en duidelik: „Documents are the traces which have been left by the thoughts and actions of men of former times. Of these thoughts and actions, however, very few leave any visible traces, and these traces, when there are any, are seldom durable; an accident is enough to efface them. Now every thought and every action that has left no visible traces, or none but what have since disappeared, is lost for history; is as though it had never been. For want of documents the history of immense periods in the past of humanity is destined to remain for ever unknown. *For there is no substitute for documents; no documents, no history*".[19])

*Hoe word die beeld van die geskiedenis gevorm; hoe kom die historiese verhaal tot stand; hoe word tot historiese waarheid geraak?*

Tot sover het ek dit probeer stel dat die historikus vir homself in sy gees 'n beeld moet vorm van wat in die verlede plaasgevind het op grond van die informasie en kennis wat hy uit die beskikbare historiese bronne verkry, dat hy dan die verhaal van daardie gebeure moet vertel ooreenkomstig die deur hom gevormde beeld, en dat hierdie verhaal *waar* moet wees. Dit is egter makliker gesê as gedoen en die vraag wat homself nou voordoen, is: hoe word hierdie geskiedenisbeeld gevorm, hoe kom die historiese verhaal tot stand; *hoe word tot historiese waarheid geraak en hoedanig moet dit met die waarheid (werklikheid, feite) ooreenstem?*

Die eenmalige, tyds- en plekgebonde feite (gebeurtenisse, handelinge) is individueel en staan op sigself nie met mekaar in verband nie. Dit is verspreid en afgesonder van mekaar. Die *Groot Trek* wat vandag deur ons as 'n

*gebeurtenis*, en 'n baie sentrale gebeurtenis in ons geskiedenis bestempel word, is eintlik geen gebeurtenis in die ware sin van die woord nie, maar 'n naam wat aan 'n hele reeks gebeurtenisse binne 'n bepaalde tydperk gegee word. Die persone, wie se handelinge daardie gebeurtenisse tot gevolg gehad het, het die betrokke handelinge nie verrig met die bewuste opset om 'n *Groot Trek*, soos ons dit vandag ken en sien, te laat plaasvind nie. Trouens, hulle het self op geen stadium van die uittog uit die Kaapkolonie van die of 'n *groot trek* gepraat nie, maar meestal van *landverhuising* of *emigrasie*.[20])

Wat ek hiermee wil probeer sê is dat die persone wat aan die Groot Trek deelgeneem het, of ten minste diegene wat aan die leiding daarvan gestaan het, nie vooraf bymekaar gekom en besluit het dat hulle 'n *Groot Trek* gaan laat plaasvind nie, dat hulle derhalwe dié beweging ook nie in besonderhede vooruit beplan en aan so 'n beplanning noukeurige uitvoering gegee het tot op 'n sekere stadium waarop hulle sou kon sê dat hulle die noukeurige uitvoering van die plan voltooi het nie. Dat hulle 'n plan gehad het om die Kaapkolonie te verlaat en 'n idee van hoe hulle dit wou doen, en dat hulle ten minste ook geweet het waarheen hulle wou gaan, ly geen twyfel nie, maar dit is heeltemal 'n ander saak as 'n voorneme en 'n vooraf besluit en noukeurige beplanning en uitvoering, tot in die kleinste besonderhede, om die *Groot Trek* te laat plaasvind. Indien laasgenoemde wel die geval was, spreek dit vanself dat al die handelinge van al die mense wat aan die Groot Trek deelgeneem het met mekaar in verband sou staan, omdat elke handeling dan beplan sou wees en as doel sou moes hê die noukeurige uitvoering van dit wat vooraf beplan was. Aangesien dit egter nie die geval was nie staan die handelinge van die mense wat die Kaapkolonie vanaf 1835 verlaat het geensins met mekaar in verband, sover dit die bedoelings van die verrigters van daardie handelinge betref nie, bv. toe daardie handelinge verrig is, het die wegtrek van Louis Trichardt en sy geselskap geen verband gehad met die handelinge van Gert Maritz by Thaba 'Nchu of met Retief

se onderhandelinge met Dingaan nie. So het die instelling van 'n goewerneursamp in die Voortrekkerregeringsinrigting en die verkiesing van Retief daartoe in 1837 as sodanig op daardie stadium geen verband gehou met die instelling van 'n staatspresidentsamp in die latere republieke in Suid-Afrika nie.

Die rede vir hierdie „geen verband" tussen feite as sodanig is dat elke persoon of groep persone of volk of geslag se handelinge verrig word met die oog op die vrae en eise wat hulle *hede* aan hulle stel en elke handeling is daarop gerig om 'n antwoord te vind op die vraag wat die hede op daardie moment stel. Niemand kan met sekerheid weet watter eise en vrae hulle môre en oormôre *sal* voordoen nie, sodat handelinge vandag nie verrig kan word om aan môre se eise en vrae te voldoen nie. Daarom is alle handelinge en gebeurtenisse (alle feite) individueel, afgesonder van mekaar, alleenstaande. En dit is presies ook die geval met die historiese bronne, die spore wat nagelaat is deur die denke en handelinge van mense in die verlede, die spore wat nagelaat is deur die onderskeie feite. Elke bron of dokument het slegs op die een bepaalde feit waarvan dit 'n spoor, 'n neerslag is betrekking, sodat elke bron ook eenmalig, individueel, sonder verband met ander, afsonderlik, is. Soos wat die feit onherhaalbaar is, is die dokument wat daarop betrekking het onvervangbaar.

As die historikus hierdie dokumente nou raadpleeg, verkry hy dus kennis van 'n groot aantal feite wat heeltemal los van mekaar staan en uit die aard van die saak niks met mekaar te doen het nie, en eweneens sal die verhaal wat hy daarvan vertel 'n min of meer kronologiese meedeling wees van die plaasname van 'n reeks onsamehangende gebeurtenisse. Om te sê dat dit die taak van die historikus is om die verhaal van wat gebeur het só te moet vertel, is egter, in die woorde van prof. A. J. H. van der Walt, die „naïefste antwoord op die vraag wat dan eintlik die taak van die geskiedskrywer is", want „so gesien tree hy dan slegs innemend en weergewend ... op".[21]) Die historikus is naamlik nie net geïnteresseerd

in die naakte individuele feite en die blote verhaal daarvan nie; indien dit die geval was, sou sy werksaamhede neerkom op 'n blote „uitleg en agtermekaarspan van repies uit dokumente in streng feitelike en stip chronologiese volgorde — en dit kom neer op blote beskrywing en meganiese rekonstruksie, d.i. notulering en opeenhoping van gegewens. Vir ,geskiedenis' sal dit nie kan deurgaan nie, maar wel vir kroniek".[22])

So 'n blote weergawe van *net dit* wat plaasgevind het, d.w.s. die blote konstatering van die bestaan van 'n feit of 'n reeks feite, is beslis nie voldoende om 'n ware beeld van die verlede te vorm en om tot historiese waarheid te geraak nie, hoe belangrik hierdie feitekennis ook al vir die geskiedenisstudie en die ontdekking en formulering van historiese waarheid is. Prof. A. J. H. van der Walt het die hele aangeleentheid kort en saaklik en baie duidelik en korrek as volg gestel: „Die gebeure is . . . net gedeeltelik in die sinnewêreld sigbaar, vir die res moet dit langs ander weë gesoek word. Wat daarvan verskyn is verstrooid, uit verband, afgesonder. Wat hierdie stuk werk verbind, die besondere in sy ware lig stel, die geheel gestalte gee, bly buite die bereik van die onmiddellike waarneming, wat alleen die mekaar begeleidende en op mekaar volgende omstandighede kan vat maar nie die inwendig-oorsaaklike samehang self waarop alleen die inwendige waarheid berus nie. Met die naakte afsondering van die werklik gebeurde is nog skaars die geraamte van die gebeurtenis gewin. Wat mens daardeur verkry is die noodsaaklike grondslag vir die geskiedenis, die stof daarvan, maar nie die werklikheid self nie. Om daarby te bly staan, beteken die eintlike, innerlike, in die oorsaaklik-verband gegrondveste waarheid opoffer aan 'n uiterlik, letterlike skynbare waarheid".[23])

Laat ons weer vir 'n oomblik na die voorbeeld van die Groot Trek terugkeer. Terwyl diegene wat al daardie handelinge verrig het wat vandag deur ons kollektief as die *Groot Trek* bestempel word, geen idee van *Groot Trek* gehad het nie, is die vraag nou: op grond waarvan noem ons hierdie los van mekaar staande klomp feite nou *een*

feit, *een* gebeurtenis, die *Groot Trek?* Die antwoord is: op grond van die besondere *beeld* wat ons in ons gees van daardie gebeure en handelinge gevorm het. En as mens daardie *beeld* effens nader betrag, word gevind dat die noodsaaklike grondslag vir dié beeld die kennis is van dit wat werklik plaasgevind het, soos wat dit uit die dokumente vasgestel word. Let wel, dit is slegs, in die woorde van prof. Van der Walt, „die noodsaaklike grondslag" vir die beeld. Om van die *Groot Trek* as 'n *gebeurtenis* te praat hou die idee van *eenheid* in, want elke gebeurtenis is individueel, 'n selfstandigheid, 'n eenheid. Om so 'n aantal individuele, selfstandige, afsonderlike gebeurtenisse kollektief *een* gebeurtenis, *Groot Trek,* te noem, beteken dat daar tussen al daardie baie individuele gebeurtenisse 'n *ordelike verband* gelê word waardeur dit tot so 'n eenheid saam verbind word; waardeur die baie gebeurtenisse eintlik tot een gebeurtenis gemaak word, behoorlik afgegrens in die tyd. En in die beeld wat ons dan van die Groot Trek vorm, sien ons dit as 'n gebeurtenis met sy eie oorsake, sy eie begin, sy eie verloop, sy eie kenmerke, sy eie einde, sy eie resultate en betekenis, almal faktore wat mens die Groot Trek as 'n bepaalde gebeurtenis laat sien.

Hierdie ordening van en verband lê tussen feite is naas die vasstelling van bloot wat gebeur het die verdere taak van die historikus. Dít is nie dinge wat deur dokumente aan hom meegedeel word nie maar is, soos prof. Van der Walt dit stel, die „nie-onmiddellik waarneembare deel" wat deur die historikus self bygevoeg moet word en wat hy „alleen (kan) doen deur die intuïtiewe denke, of anders deur sy fantasie soos die digter, met die belangrike onderskeid alleen dat sy verbeelding gebind is aan die ervaring en deurgronding van die werklikheid. Hy mag daarby nie iets bydig nie maar alleen die werklik deurvorste stof beter verstaan. In hierdie sin tree die historikus skeppend op, nie dat hy iets in die lewe roep wat nie werklik voorhande was nie, maar deurdat hy uit eie krag gestalte gee aan wat hy nie uit blote ervaring kon vat nie".[24])

Die persoon van die historikus speel dus 'n baie belangrike rol by die vorming van die beeld van die geskiedenis en by die formulering van die historiese waarheid. Dit is die historikus wat die verband tussen die feite moet lê; dit is hy wat na oorsaak en gevolg soek en dit aan toon; dit is hy wat probeer vasstel waarom gebeurtenisse tot stand gekom en watter motiewe die verrigters van handelinge tot daardie handelinge geïnspireer, beweeg of gedryf het; dit is die historikus wat die werking van die menslike gees in en agter daardie handelinge probeer vasstel en ontleed; dit is die historikus wat al hierdie dinge doen om die feite te *verklaar* en sy verhaal te vertel, 'n verhaal wat so na as moontlik met die werklike verlede moet ooreenstem. Dit doen hy op grond van wat die dokumente aan hom vertel *en* verder deur, wat prof. Van der Walt noem, „sy intuïtiewe denke, of anders deur sy fantasie soos die digter, met die belangrike onderskeid alleen dat sy verbeelding gebind is aan die *ervaring* en *deurgronding* van die *werklikheid*. Hy mag daar nie iets bydig nie, maar alleen die *werklik deurvorste stof beter verstaan*".[25])

Ek herhaal hierdie aanhaling opsetlik om die aandag te vestig op die woorde en sinsnedes: *ervaring* en *deurgronding* van die *werklikheid* en die *beter verstaan* van die *werklik deurvorste stof*. Dit alles draai per slot van rekening om die *verstaan* van die werklikheid wat ondersoek en waarvan die verhaal vertel word, d.i. *die verstaan van die geskiedenis*. Dit is Wilhelm Dilthey wat teen die einde van die vorige eeu met die begrip „Erlebnis, Ausdruck und Verstehen" as die grondslagleggende van die geesteswetenskappe gekom het.[26]) Aangaande die *verstaan* sê hy baie duidelik: „Das Verstehen und Deuten ist die Methode, welche die Geisteswissenschaften erfüllt. Alle Funktionen vereinigen zich in ihm. Es enthält alle geisteswissenschaftlichen Wahrheiten in sich. An jedem Punkt öffnet das Verstehen eine Welt".[27]) Wat hier van die geesteswetenskappe geld, geld vanselfsprekend van die Geskiedenis.

Die historikus moet die verlede verstaan om tot

historiese waarheid te kan kom. Dit kan hy alleen doen deur die verlede te *ervaar* en te *deurgrond*. Om te *ervaar* beteken om te *belewe*, persoonlik daarmee in aanraking te wees, wat dan eintlik beteken dat die historikus die gebeurtenisse en die handelinge van persone in die verlede moet *belewe*. Hy moet hom as 't ware uit die hede losmaak en hom in sy gees terug verplaas in daardie verlede wat hy bestudeer; hy moet homself as 't ware in die skoene plaas van die persone wie se handelinge hy wil beskrywe en verklaar. Hy moet probeer dink soos hulle gedink het; hy moet probeer om hulle handelinge te begryp in die tyd en omgewing waarin hulle opgetree het, in die omstandighede waaronder hulle gedink en gehandel het, in die lig van die kennis wat tot hulle beskikking was, in die raamwerk van hulle lewens- en wêreldbeskouing en die algemene filosofiese denkrigting(e) wat heersend was in die tyd toe hulle opgetree het. „Verstaan van die geskiedenis", aldus Van Jaarsveld, „word hier 'n agterna-verstaan deur die weer-,hede'-making daarvan in die gees van die historikus. Die voorwaarde is verplasing in die verlede en op grond van die transposisie van die *eie* ken en 'n vreemde lewensuiting word dit verstaan deur 'n nábelewenis daarvan".[28]) Die historikus moet die verlede *ken*, hy moet die verlede *deurdink*, hy moet dit in sy gees *rekonstrueer* en in alle opsigte so *ervaar* asof hy dit werklik beleef het.

Eers as die historikus die verlede só in sy gees beleef, kan hy die werklike feite na waarde skat, orden en interpreteer. Dan eers kan hy begryp en verklaar bv. waarom Piet Retief weer na Dingaan gegaan het en sal hy nie met so 'n onhistoriese oordeel en historiese onwaarheid kom dat Retief van beter moes geweet het en nie weer moes gegaan het nie, 'n oordeel wat voortvloei uit so 'n historikus se kennis van gebeure wat na Retief se besluit om na Dingaan te gaan plaasgevind het en waarvan Retief vanselfsprekend geen kennis kon dra nie. Eers as die historikus die gebeure en die handelinge van die mense in die verlede só *verstaan*, is dit vir hom moontlik om 'n volle en ware beeld te vorm van wat

plaasgevind het, waarom en hoe dit geskied het, wat die betekenis daarvan was en is, ensovoorts, want „an jeden Punkt öffnet das Verstehen eine Welt". En dit is hierdie geopende wêreld wat hy aan sy leser of toehoorder wil oordra en toon — die ware verhaal van die hele gebeurtenis — *die historiese waarheid.*

Nog een opmerking moet in verband met die *verstaan* van die verlede gemaak word. Dit is dat sodanige verstaan alleen moontlik is deur die toepassing van 'n bepaalde metode — die *historiese metode.* Hierdie metode is met verloop van tyd spesifiek vir dié doel ontwerp en dit is 'n metode met sy eie reëls en grense, gebaseer op eie beginsels en vooronderstellinge, wat ten doel het die soek na bronne, die wetenskaplike en kritiese ondersoek daarvan, die indringing daarin om sodoende kennis te verkry aangaande die gebeurtenisse en mensehandelinge in die verlede, dít te deurvors, dít te deurdink, dít geestelik te beleef om dit uiteindelik dan uit te lê, te interpreteer of te verklaar, m.a.w. om dit te verstaan.[29]) Daarom het Droysen gesê: „Das Wesen der historischen Methode ist *forschend zu verstehen*".[30])

*Faktore wat 'n belangrike rol speel by die bepaling van historiese waarheid.*

Dit behoort nou duidelik te wees dat die historikus tot historiese waarheid kom

(a) op grond van die kennis wat hy aangaande die waarneembare deel van die gebeure uit die beskikbare bronne verkry en (b) deur sy byvoeging van die niewaarneembare deel van die gebeure d.m.v. die intuïtiewe denke, die belewing in sy gees van die verlede.

In hierdie twee kenbronne van die geskiedenis is meteen egter ook sekere faktore ingesluit, wat die vasstelling van die historiese waarheid in hoë mate beïnvloed. Hierdie faktore, waaroor nou nog kortliks gehandel moet word, kan in twee hoofgroepe verdeel word: (i) dié wat met die dokumente (bronnemateriaal) waarmee die historikus werk, self in verband staan, en (ii)

dié wat met die persoon van die historikus en sy benadering van die verlede in verband staan.

1. *Faktore in verband met die dokumente (bronnema- ιeriaal) self.*

As nou hier van bronnemateriaal, of historiese bronne, gespreek word, kan die bronne wat deur Droysen en Bernheim as *Ueberreste* geklassifiseer word, vir ons doel heeltemal buite rekening gelaat word en bepaal ons ons nou net by *dokumente,* d.w.s. die skriftelik oorgelewerde bronne (getuienisbronne), aangesien dokumente eintlik dié bronne is waarvan die historikus gebruik maak.

'n Dokument is niks anders nie as 'n geskrewe *verslag* of *verhaal* van 'n gebeurtenis, opgestel deur 'n *persoon* wat die gebeurtenis self *beleef, ervaar* en/of *waargeneem,* óf op enige ander wyse daarvan kennis bekom het. Wat in so 'n dokument verhaal word, is dan niks anders nie as 'n weergawe van die *indruk* wat die plaasname van 'n gebeurtenis op die outeur van die dokument gemaak het; van die *beeld* wat hy in sy gees van die bepaalde gebeurtenis gevorm het. Die historikus neem die werklike gebeurtenis dus indirek waar, naamlik deur die oë van 'n ander persoon wat self ooggetuie van die gebeurtenis was.

By die waarneming van 'n gebeurtenis en die optekening van wat gebeur het deur die waarnemer kan baie faktore aanwesig wees wat so 'n waarneming en optekening kan beïnvloed, met vanselfsprekende gevolge ten opsigte van volledigheid en veral die betroubaarheid van die betrokke dokument. Sonder om in besonderhede te tree of enigsins volledig daaroor te handel, word hier met die noem van enkele sodanige faktore volstaan.

Eerstens is daar die faktor van *vergissing* wat op verskillende stadia van die waarnemings- en optekeningsproses, en op meer as een stadium van dieselfde proses, 'n belangrike rol speel. Dit tree veral na vore in die geval van die *regstreekse mededeling* deur die persoon wat self die waarneming gedoen het, d.w.s. waar waarnemer en

outeur van die dokument dieselfde persoon is. Sulke vergissinge, wat die gevolg van talle oorsake binne en buite die waarnemer-outeur kan wees, kan voorkom (i) op die gebied van die sintuiglike waarneming self; (ii) uit hoofde van die inwerking van die inbeelding; (iii) by die vorming van die sintese van die waarneming; (iv) by die vorming van die denkbeeld van die feit; (v) by die mededeling of aflegging van die getuienis. In die geval van die *onregstreekse mededeling,* d.w.s. wanneer die getuienis nie deur die oorspronklike waarnemer self meegedeel word nie (d.i. as die waarnemer en die outeur van die dokument nie dieselfde persoon is nie) word verder nog ruimte gebied vir 'n onvermydelike verminking van die mededeling as gevolg van die agtereenvolgende herhaling van die getuienis deur persone wat steeds minder daaromtrent ingelig is, met 'n vanselfsprekende nadelige uitwerking op veral die betroubaarheid van so 'n dokument.[31])

'n Tweede belangrike faktor wat in die verband genoem moet word, is *bedrog,* want naas die moontlikheid dat 'n waarnemer-outeur hom kan vergis, kan hy ook willens en wetens bedrieg deur hom in sy mededeling van wat hy waargeneem het opsetlik nie aan die waarheid te hou nie, d.i. om leuens te vertel. Feder, gevolg deur Philippen, onderskei twee tipes sodanige leuens, wat hulle noem *formele* leuens en *materiële* leuens. 'n Formele leuen is dan dié wat met kwade bedoelings en in opsetlike oneerlikheid vertel word; 'n materiële leuen is dié wat in die mededeling van 'n getuie kan binnesluip, bv. 'n versinsel of 'n valse berig, waarvan die getuie (outeur van die bron) die waaragtigheid en die egtheid ter goeder trou bevestig. Onder die formele leuens kan genoem word: (i) *skertsleuens,* d.i. valse beweringe wat meegedeel word met die doel om te vermaak; (ii) *noodleuens,* d.w.s. valse beweringe met die doel om die outeur of ander persone te beskerm; (iii) *nuttigheidsleuens,* of leuens met die doel om op een of ander wyse vir die outeur van die dokument of enige ander persoon of persone een of ander voordeel te verkry en (iv) *skadeleuens,*

wat valse getuienis is met die doel om aan 'n persoon of groep of party, ens., skade te berokken.[32]) 'n Ander vorm van bedrog is *stilswye,* d.w.s. wanneer 'n outeur van 'n dokument om sekere redes sekere dinge wat hy waargeneem het eenvoudig verswyg.[33])

Benewens en in verband met hierdie twee hoofgroepe van faktore kan ook nog onder andere die volgende genoem word: of die outeur die dokument opgestel het met die bewuste doel dat later geslagte dit moet lees en van 'n bepaalde standpunt of gesigspunt op hoogte gestel moet word, en of die dokument as 'n doodnatuurlike spoor van een of ander handeling op 'n natuurlike wyse tot stand gekom het, sonder dat die outeur enige gedagte ten opsigte van latere lesers gekoester het; of die dokument 'n amptelike of nie-amptelike verslag van 'n handeling of gebeurtenis is, wat 'n aansienlike verskil in die inhoud van die dokument kan meebring; of die dokument van suiwer persoonlike aard is of nie, bv. heel persoonlike stukke soos dagboeke, memoirs en persoonlike private briewe, ensovoorts.[34])

Deur ervaring het navorsers met verloop van tyd kennis verkry van al hierdie en nog baie ander faktore wat 'n persoon se waarneming en weergawe van 'n gebeurtenis (feit) bewus of onbewus, per abuis of opsetlik, of andersins, kan beïnvloed. Daarom word feitlik elke dokument deur die historikus met 'n *metodologiese twyfel* benader totdat hy deur die toepassing van die *historiese kritiek* tot sy bevrediging vasgestel het of die outeur van die bron in sy waarnemeing en weergawe aan enige invloede onderhewig was; indien wel, aan welke invloede en tot welke mate, om sodoende dan die waarheid of onwaarheid van die stellinge en beweringe in die dokument vas te stel. Sodoende maak die aard van die dokument self, sover dit sy totstandkoming betref, dit al dadelik vir die historikus onmoontlik om volle waarheid daaruit aangaande die plaasname van 'n bepaalde gebeurtenis te verkry.

Daarbenewens moet ook onthou word dat in 'n doku-

ment nie *alles* aangaande 'n gebeurtenis verhaal word nie, maar slegs daardie deel of aspek wat binne die outeur se waarnemingsveld en -vermoë geval het, sodat, om weer Philippen se beeld van die dokument as 'n spieël wat die feit weerkaats te gebruik, „de spiegel . . . aan het weerkaatste soms een vervormd uitzicht (kan) geven" want „de waarnemers van een en hetzelfde feit vatten niet steeds dit feit op dezelfde wijze op", terwyl hulle waarneming dikwels ook „gebrekkig en onvolledig" is.[35]) Hierdie faktor(e) staan natuurlik nie los van dié van vergissing en bedrog nie, en dat dit almal faktore is wat beslis hulle rol by die totstandkoming van historiese dokumente speel, ly geen twyfel nie. Ek hoef maar net te verwys na die van mekaar verskillende en dikwels geheel en al teenstrydige bewerings en verklaringe (amptelik en nie-amptelik) wat in ons tyd met betrekking tot Suid-Afrika en veral sy rassebeleid gedoen word. En hierdie verklaringe en beweringe is juis die dokumente op grond waarvan die historikus van die toekoms 'n beeld sal moet vorm van ons hedendaagse lewe om die verhaal daarvan te kan vertel. Ek hoef ook maar net te verwys na die verskillende koerantberigte oor dieselfde aangeleenthede in ons eie land, wat in die toekoms baie belangrike historiese bronne gaan wees, en dan kan elkeen nou vir homself 'n beeld probeer vorm van hoe die geskiedenisverhaal van ons tyd daar moontlik kan uitsien as dit eendag geskrywe gaan word indien die geskiedskrywers van daardie tyd nie behoorlik en deeglik rekening sal hou met al die fatore wat vandag so 'n belangrike rol by die totstandkoming van historiese dokumente speel nie.

Nog 'n faktor in verband met die dokument self is dat die dokument nie self die gegewens wat daarin opgesluit lê aan die historikus vertel nie, maar dit as 't ware alleen aan hom verstrek as antwoord op vrae wat hy aan die betrokke dokument stel. In die verband moet ook in gedagte gehou word dat dokumente, net soos die verlede-werklikheid waarvan dit getuienis is, „verwikkeld, onuitputlik, oneindig . . . en bont van verskeiden-

heid en meersydigheid (is)",[36]) sodat dit dus vir meer as een interpretasie vatbaar kan wees, afhangende van die besondere vraag of vrae wat deur die navorser daaraan gestel word. Uit een en dieselfde dokument kan dus verskillende kante van die werklikheid *verstaan* en *verklaar* word. Eweso kan 'n dokument op dieselfde vraag verskillende antwoorde gee, afhangende van hoe „diep" so 'n dokument deur 'n historikus geïnterpreteer word. Om hierdie redes, onder andere, is daar verskillende geskiedenisse van een en dieselfde gebeurtenis of van die handelinge van een en dieselfde persoon moontlik en bly daar nog altyd ruimte vir meer sodanige interpretasies van die verlede. Mens kan hier maar net daaraan dink hoeveel biografieë bv. oor Rhodes en Napoleon gepubliseer is en aan al die verskillende werke waarin al oor die Groot Trek geskrywe is, terwyl 'n behoorlike geskiedenis van die Groot Trek by ons nog altyd 'n groot behoefte bly. In verband met hierdie meersydigheid en vatbaarheid vir meer as een interpretasie van 'n dokument, het Van Jaarsveld die saak baie mooi as volg gestel: „Die dokument is dus geen ding soos 'n dooi(e) baksteen nie, dit hoef of kan nie net op één manier, of op een plek of net één keer aangewend te word nie. Dit is 'n lewende, veelkantige en 'n veranderende grootheid, wat nooit absoluut vasgevang of uitgeput kan word nie. Soos 'n kristal sal dit telkens, wanneer dit onder nuwe vrae gebring word, sekere verborge kantjies oopblits, en toegang aan verskillende navorsers tot die verdwene lewenswerklikheid verleen. Is die dokument self vatbaar vir meer as één interpretasie, gee dit toegang tot verskeie aspekte van die verlede-werklikheid — die verlede waarvan dit vertel, is nie in minder mate 'n wisselende grootheid, wat telkens verander, namate ons dit van naderby beskou nie. Die veld van ondersoek is dus geen vaste, starre, onwankelbare werklikheid, wat maar één opvatting daarvan moontlik maak of wat maar net één keer beskryf kan word nie".[37])

Ook hieruit is dit duidelik dat die historikus nie tot absolute historiese waarheid kan geraak nie; dat hy nie

die verhaal kan vertel van alles wat in die verlede plaasgevind het en ook nie alles van wat gebeur het nie.

Met hierdie uiteensetting het ons nou al via die bronnemateriaal by die persoon van die historikus uitgekom en bring dit ons by die tweede hoofgroep faktore.

2. *Faktore wat met die persoon van die historikus en sy benadering van die verlede in verband staan.*

Dit is reeds gestel dat die taak van die historikus nie net is om te beskrywe nie, maar veral ook om te *verstaan* en te *verklaar (interpreteer)*. In die verstaan en verklaar speel die persoon van die historikus 'n baie belangrike rol en is hy in hierde werksaamhede aan verskeie beïnvloedende faktore onderhewig wat 'n uitwerking op sy beeldvorming en sintese van die verhaal kan hê, m.a.w. op sy formulering van die historiese waarheid. Hierdie faktore, almal innig aan die persoon van die historikus verbonde, kan eintlik nie van mekaar geskei word nie maar wel van mekaar onderskei word.

a. *Die historikus is in sy benadering van die verlede gebonde aan die steeds veranderende en wisselende hede.*

Die historikus leef in die hede en hierdie hede is een van die faktore wat sy benadering van die verlede bepaal. Ek wil hier beklemtoon, wat pas in 'n ander verband gestel is, dat die verstaan en interpretasie van die geskiedenis afhanklik is van die vrae wat deur die historikus vanuit die hede aan die verlede gestel word met die oog op bepaalde behoeftes van die hede wat om bevrediging vra. Namate hierdie hede met die koms van elke nuwe dag of week of maand of jaar of geslag verder vorentoe skuif op die weg van die geskiedenis, kom daar ook nuwe vrae, behoeftes, situasies en standpunte, op grond waarvan ander vrae gestel en ander antwoorde gekry word, d.w.s. op grond waarvan die geskiedenis anders vertolk of geïnterpreteer word, 'n ander beeldvorming geskied, tot 'n ander of verskillende historiese waarheid

geraak word. In 1945 het prof. D. W. Krüger in sy inougurele rede in hierdie verband gesê: „Namate die geskiedenis ontplooi, maatskaplike en politieke toestande voortdurend van kleur en lyn verander, word ook ons opvattinge oor die sin en betekenis van die geskiedenis gewysig, vertolk ons elke keer die wêreldgebeurtenisse anders, *omdat ons hulle slegs kan betrag vanaf die plek waar ons op die oomblik staan en vanuit die politieke en maatskaplike milieu waarin ons op die oomblik verkeer.* Elkeen is van nature geneig om die moment waarin hy leef, as die belangrikste te beskou, en in sy betragting van die geskiedenis dra hy onwillekeurig die hede saam met hom na die verlede ...".[38])

Dit is ook in die lig van hierdie benadering van die verlede dat Huizinga geskiedenis omskryf het as „de geestelijke vorm waarin een cultuur zich rekenschap geeft van haar verleden",[39]) en om dieselfde rede verklaar Croce: „every true history is contemporary history"[40]) en „... every thinking of history is always adequate to the moment at which it appears and always inadequate to the moment that follows".[41]) Om dié rede het Ranke ook verklaar: „Die Historie musz immer umgeschrieben werden".[42])

Aan die hand van 'n aantal voorbeelde uit die wêreldgeskiedenis toon Krüger baie duidelik aan hoedat die veranderende wêreldomstandighede telkens 'n ander geskiedenisbeeld tot gevolg het en hoedat ons siening van die geskiedenis — die beeld wat ons vir onsself in die gees vorm — grootliks deur die hede, die omstandighede waarin ons leef, bepaal word. Daarom sal daar steeds 'n behoefte aan nuwe vertolking van die geskiedenis bestaan; daarom is dit doodnatuurlik dat steeds nuwe vertolkings van die verlede sal kom; daarom word die laaste woord oor 'n gebeurtenis of handeling in die verlede nooit in die geskiedenis gesê nie; daarom is 'n absolute historiese waarheid of 'n historiese waarheid wat in alle opsigte en besonderhede en in alle tye sal geld, nie moontlik nie; want namate die steeds nuut gevormde geskiedenisbeeld wissel en verander, sal ook 'n wisseling en veran-

dering t.o.v. die historiese waarheid in daardie verband plaasvind.

b. *Die historikus word as gevolg van die seleksie van die bronnemateriaal deur homself verhinder om tot volle historiese waarheid te geraak.*

Baie nou daaraan verbonde dat die historikus die verlede altyd vanuit die hede, en op grond van die vrae wat die hede aan die verlede stel, benader en wil verklaar, is 'n ander faktor, naamlik die *seleksie* wat deur die historikus toegepas word in sy poginge om die verlede te verstaan en te verklaar.[43])

Hierdie seleksie is van tweërlei aard.

(i) Ten eerste wend die historikus hom nie na die ganse verlede nie maar slegs tot 'n bepaalde deel of aspek daarvan, nl. dié waarin hy, gewoonlik op grond van die aktualiteit wat dit vir die hede besit, belang stel. In gewone taal sê ons hy kies vir hom 'n onderwerp waaroor hy navorsing wil doen; hy baken vir hom sy studieveld af. Afgesien daarvan dat die eise van die hede grootliks bepaal watter sodanige onderwerpe nagevors word, is dit vir enige historikus ook fisies onmoontlik om die ganse verlede in sy oneindige rykdom en uitgestrektheid te ondersoek, daarvan 'n beeld te vorm en die verhaal daarvan te vertel. Hoewel dit die ideaal van die Geskiedenis is om 'n geheelbeeld van die verlede daar te stel, kan geen enkele historikus meer as 'n baie klein en beperkte bydrae tot die vervulling daarvan lewer nie, selfs indien dit moontlik sou wees om so 'n ideaal te verwesenlik. Die historikus kies sy onderwerp om 'n bepaalde *rede.* In hierdie rede kan alreeds sekere voorkeure en/of vooroordele en/of ander faktore aanwesig wees wat die uiteindelike vasstelling van die historiese waarheid tot 'n groot mate kan beïnvloed. Trouens, hierdie *rede* kan selfs 'n streng aplogetiese benadering en behandeling van die geskiedenis tot gevolg hê, soos veral duidelik aan die lig tree in die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedskrywing.[44])

(ii) In die tweede plek speel seleksie ook sy rol daarin dat geen historikus in staat is om, selfs ten op-

sigte van die uiters beperkte studieveld van sy keuse, *alles* wat in die verlede met betrekking tot die bepaalde onderwerp plaasgevind het te beskryf nie. By die versameling en bestudering van die dokumente is daar ook weer bepaalde redes wat meebring dat die historikus aan sommige dokumente meer aandag skenk of waarde heg as aan ander; trouens, in werklikheid gebruik die geskiedskrywer alleen sodanige gegewens wat deur hom as *belangrik* vir die bepaalde stukkie geskiedenis waarmee hy besig is beskou word. Uit die aard van die saak is ook hierdie belangrikheid relatief want dit verskil van tyd tot tyd, van persoon tot persoon, van geslag tot geslag, ens., met onvermydelike uitwerking op die geskiedbeeld en die historiese waarheid.

c. *Persoonlike voorkeure en vooroordele van die historikus.*[45])

Soos enige ander mens het die historikus ook sy persoonlike voorkeure en vooroordele, wat hom bewus of onbewus in sy beeldvorming en interpretasie van die verlede beïnvloed. Enige mens, ook die historikus, hou van 'n bepaalde persoon of 'n bepaalde tipe persoon of hy hou nie van hom nie, somtyds om definitiewe redes en somtyds om geen bepaalde rede nie.

Talle geskiedeniswerke in ons eie land sowel as elders, toon dan ook baie duidelik dat sodanige voorkeure en -oordele 'n besliste rol in die geskiedskrywing speel. Trouens, hierdie voorkeure en -oordele is baie keer selfs die bepalende faktor in die keuse van die onderwerp. Laat ek net enkele voorbeelde in hierdie verband noem.

(i) Eerstens is daar Gustav Preller se lewensbeskrywing, *Piet Retief*, wat in 1905—1906 as 'n artikelreeks in *De Volksstem* verskyn het, daarna in boekvorm uitgegee, steeds bygewerk en herdruk is totdat dit in 1930 'n tiende druk beleef het. Daarnaas moet ook Preller se *Andries Pretorius, 'n lewensbeskywing van die Voortrekker-kommandant-generaal*, wat in 1937 (net voor die Voortrekker-eeufeesjaar) verskyn het, genoem word. In albei werke

maak Preller geen geheim daarvan dat hy 'n groot voorliefde vir hierdie twee trekleiers koester nie; trouens, vir hom was dit eintlik net hierdie twee trekleiers wat as *groot* gereken moes word. Mens wonder of die feit dat Retief 'n direkte voorsaat van Preller se vrou was en sy ook in familieverwantskap met Andries Pretorius gestaan het, iets met die keuse van die bepaalde onderwerp te doen gehad het of nie? Preller maak oog geen geheim van sy vooroordele teenoor ander trekleiers, veral Andries Hendrik Potgieter, en teenstanders van Retief en Pretorius nie. Hy beveg hulle openlik en verkleineer hulle selfs terwyl hy steeds regverdiging soek vir die optrede en handelinge van sy held. Hierdie voorkeure en -oordele („likes and dislikes") van Preller het meegebring dat hy, afgesien van al die baie verdienstes van sy werk, nie in staat was om die historiese persone met wie hy te doen gehad het behoorlik na waarde te skat en hulle handelinge objektief te verklaar nie, waardeur die beeld wat hy in die opsig van daardie verlede gevorm het nie in alle opsigte so 'n ware beeld is as wat die betrokke dokumente wel bied nie.

(ii) Wat van Preller se twee werke gesê kan word, kan ook gesê word van *Kommandant-generaal Hendrik Potgieter*, geskrywe deur dr. Carel Potgieter (agterkleinseun van Hendrik) en N. H. Theunissen, wat in die Voortrekkereeufeesjaar verskyn het. Afgesien van die skrywers se doel met hierdie werk (soos in die voorwoord vermeld) blyk dit uit die hele opset dat die outeurs die deur ander miskende en selfs verguisde trekleier, Potgieter, in ere wou herstel en sy handelinge teenoor die van ander leiers wou regverdig, o.a. deur die ander leiers weer neer te haal en ander skrywers taamlik heftig te lyf te gaan. Hierdie houding het o.a. daartoe bygedra dat dié lewensverhaal van Hendrik Potgieter nie in alle opsigte betroubaar is nie, sodat ook hier die historiese waarheid daaronder gelei het.

(iii) Uit die groot aantal werke waarin persoonlike voorkeure en vooroordele 'n duidelik merkbare rol speel, kan nog net met die noem van die volgende twee volstaan

word. G. McCall Theal het in sy *History of South Africa* 'n beeld van H. C. D. Maynier, die veelbesproke Graaff-Reinetse landdros teen die einde van die 18e eeu, gegee wat allesbehalwe vleiend is en wat in 'n groot mate getuig dat Theal geen groot liefde vir Maynier gekoester het nie. In die voorwoord tot sy *Maynier and the first Boer Republic* (Cape Town, 1944) beskuldig J. S. Marais vir Theal dat ten opsigte van Maynier „he plays the part of the Public Prosecutor. He is concerned to obtain a conviction and denies to the jury the opportunity of hearing the defence", en probeer Marais dan in genoemde werk om reg te laat geskied aan Maynier, die „perhaps ... most misunderstood figure in South African History" egter ook nie sonder om van voorkeure en vooroordele blyk te gee nie.

Die vraag is nou of mens persoonlike voorkeure en -oordele as 'n baie ernstige struikelblok in die weg van die bereiking van die historiese waarheid moet beskou. Persoonlik dink ek dat dit nie die geval behoort te wees nie, omdat persoonlike voorkeure en vooroordele maklik herken en verbeter kan word.[46]) Tog moet die historikus altyd daarvoor op sy hoede bly, sowel in die ondersoek van die dokumente en in die vertel van sy verhaal, en moet hy, bewus van sy eie „personal likes and dislikes" steeds besef dat hy, hoe moeilik dit ook al mag wees, dit altyd opsy moet probeer skuif wanneer hy met die geskiedenis besig is, sodat hy daardeur nie in die formulering van die historiese waarheid belemmer mag word nie.

d. *Groepsvoorkeure en -oordele.*

Die historikus is ook 'n gemeenskapsmens en is as sodanig innig verbonde aan bepaalde samelewingsgroepe soos sy gesin, familie, kerk, politieke party, volk, ensovoorts. Ook hierdie groepe ontwikkel met verloop van tyd 'n verskeidenheid voorkeure en vooroordele, wat aan die bepaalde groepe eie word en waarvan die historikus, as lid van so 'n groep(e), bewus of onbewus die erfgenaam

en draer word indien hy nie self reeds tot die totstandkoming daarvan meegewerk het nie. Hierdie voorkeure en -oordele, wat periodiek as gevolg van baie omstandighede kan verander, kan so 'n diep indruk op mens maak dat dit by jou 'n persoonlike voorkeur en vooroordeel kan word en as sodanig kan bly voortbestaan, selfs lank nadat die betrokke groepsvoorkeur of -oordeel al miskien verdwyn het.

Groepsvooroordele en -keure oefen 'n baie groot invloed op die historikus se benadering en studie van die geskiedenis en sy formulering van die verhaal uit. Wat so pas van persoonlike voorkeure en -oordele gesê is, geld vanselfsprekend ook vir die van die groep, egter met enkele baie belangrike voorbehoude,[47]) naamlik: (i) dat die historikus nie altyd so maklik van groepsvoorkeure en -oordele as van die persoonlike kan loskom nie, en (ii) dat voorkeure of -oordele wat uit die historikus se verbintenis met een of ander groep voortspruit dikwels baie moeilik is om bepaal en derhalwe verbeter te word en wel vanweë die subtiliteit daarvan en die feit dat dit 'n veel wyer draagkrag het as wanneer dit net met een bepaalde persoon in verband staan. Groepsbeskouinge is gewoonlik in 'n baie wye kring algemeen geldend en juis omdat dit binne die groep so algemeen aanvaar word, word mens al minder en minder gedring om daarvan bewus te word en word die moontlikheid steeds minder om dit as voorkeure en -oordele te herken. Daarbenewens moet ook in gedagte gehou word dat groepsvoorkeure en -oordele van die persoonlike in 'n belangrike opsig verskil, nl. daarin dat die persoonlike hoofsaaklik op die mens se *gevoelens* berus (in beperkte mate wel ook op beginsels), terwyl groepsbeskouinge hoofsaaklik die resultaat is van 'n bepaalde denkrigting en gewoonlik voortspruit uit heel bepaalde *beginsels*.

Dit alles maak die herkenning van groepsvoorkeure en -oordele en die verbetering daarvan veel moeiliker as in die geval van die persoonlike. Trouens, dit maak dit in baie gevalle feitlik onmoontlik, terwyl mens steeds daarvan bewus is dat hierdie voorkeure en -oordele by

elke historikus in mindere of meerdere mate aanwesig en werksaam is, nie net by die interpretasie van die gebeure nie maar ook in sy hele benadering van die verlede. Dit kan ook nie anders nie, want die historikus is steeds lid van ('n) bepaalde gemeenskap(pe) en hy benader die verlede steeds vanuit die hede, tesame met die hede se sienswyse, voorkeure en -oordele, wat per slot van rekening ook deel van homself is.

Ek kan hier maar net verwys na die intreerede van prof. F. A. van Jaarsveld,[48]) waarin hy o.a. aangetoon het hoedat die geskiedenis van Suid-Afrika met verloop van tyd uit verskillende gesigspunte vertolk is: 'n koloniale gesigspunt, 'n imperiale en 'n (ou) republikeinse gesigspunt, 'n gesigspunt van die Afrikaner, die Engelsman en in die jongste tyd uit die gesigspunt van die Bantoe. 'n Duidelike voorbeeld van hoe groepsvoorkeure en -oordele die benadering en interpretasie van die geskiedenis kan beïnvloed, vind ons in ons kerkgeskiedskrywing en veral in die werke van prof. S. P. Engelbrecht en dr. G. D. Scholtz oor die geskiedenis van onderskeidelik die Nederduits Hervormde Kerk en die Nederduits Gereformeerde Kerk,[49]) soos dan veral ook blyk uit die twee here se kritiek op mekaar en hulle polemiek met mekaar in verband daarmee.[50])

Die historikus hoef hom egter nie deur hierdie faktor van die moeilike herkenning en verbetering van groepsvoorkeure en groepsvooroordele te laat afskrik nie, solank as wat die soort vooroordele en -keure rasioneel en prinsipieel (uit die standpunt van die bepaalde groep of denkrigting waarvan dit verteenwoordigend is) verantwoord kan word. Waar dit uit 'n bepaalde denkrigting ontspruit, kan dit ook herken en verbeter en/of standpunt daarteenoor ingeneem word. Daarom is dit vir die historikus nodig om voortdurend op hoogte te bly van die leerstellinge en sieninge van ander denkrigtinge om sodoende die noodsaaklike verband tussen geskiedbeskouing en geskiedvorsing te bewaar — 'n noodsaaklikheid wat deur my leermeester en in sekere sin my voorganger, prof. A. J. H.

van der Walt, in 1929 in sy intreerede as professor in Geskiedenis aan die destydse P.U.K. beklemtoon is.[51])

In hierdie kort oorsig oor die rol van persoonlike en groepsvooroordele en -voorkeure is op heel indirekte wyse die kwessie van beginsels en van lewens- en wêreldbeskouing aangeraak, wat dan nou genoem moet word as 'n faktor wat vir die bereiking van historiese waarheid van kardinale belang is. In hierdie verband wil ek net een bepaalde aspek daarvan aanroer.

e. *Die verskeidenheid van lewens- en wêreldbeskouinge het as gevolg 'n verskeidenheid, selfs botsende, teorieë aangaande die grondslae van die geskiedenis (as werklikheid) en die historiese interpretasie.*

Lewens- en wêreldbeskouing is die faktor wat die mens se hele lewensuitkyk bepaal en vir sy denke en handelinge van rigtende belang is. Daarom is dit ook van bepalende en deurslaggewende betekenis vir ons hele siening van die lewe in die verlede — ons geskiedbeskouing — en vir ons navorsing, aanbieding en interpretasie van die geskiedenis. Die mens se geskiedbeskouing word naamlik nie net deur sy lewens- en wêreldbeskouing bepaal nie, maar is 'n integrale deel daarvan. Hierdie faktor is van die allergrootste belang, want terwyl dit *teoreties* moontlik is dat 'n historikus in die beoefening van die Geskiedenis van persoonlike en groepsvoorkeure en -oordele vry kan wees, kan geen redelike wese ooit vry wees van 'n lewens- en wêreldbeskouing en dus ook van 'n geskiedbeskouing nie.

Een van die belangrikste grondelemente van enige geskiedbeskouing is dié wat te doen het met die *veroorsakingsfaktor(e)* in die geskiedenis, die vraag naamlik na die grondoorsaak van die gebeurtenisse self en na die sin van die geskiedenis (as werklikheid). Daarnaas en nou daaraan verbonde, veral ook omdat die geskiedeniswetenskap net die mens se handelinge bestudeer, is 'n ander grondelement naamlik die *mensbeskouing,* d.i. die vraag na wie die mens is en wat sy plek in die geskiedenis is.

Aangesien in die verlede 'n groot verskeidenheid van lewens- en wêreldbeskouinge bestaan het en vandag nog bestaan, is dit vanselfsprekend dat daar 'n ewe groot verskeidenheid geskiedbeskouinge sal bestaan met gevolglik 'n ewe groot verskeidenheid ten opsigte van aanbiedinge en interpretasies van die geskiedenis. Wat veroorsakingsfaktore betref, formuleer die historikus nie noodwendig sy beskouinge ten opsigte daarvan in sy geskiedskrywing nie, maar bepaal dit in elk geval in 'n baie hoë mate sy interpretasie van die geskiedenis, d.i. sy formulering van die historiese waarheid. Verder maak elke historikus van dáárdie faktore gebruik wat deur hom as die belangrikste beskou word want, behalwe in die geval van persone met dieselfde lewens- en wêreldbeskouing, bestaan daar onder historici en filosowe geen algemene ooreenstemming oor watter veroorsakingsfaktor(e) die korrekte is nie. Die verskillende interpretasieteorieë wat hieruit voortspruit is dan ook die belangrikste rede wat vir die groot verskille in weergawes van dieselfde geskiedenis verantwoordelik is en wat as sodanig dit vir enige historikus onmoontlik maak om tot 'n algemene en algehele historiese waarheid te geraak, veel meer nog as byvoorbeeld persoonlike en groepsvoorkeure en -vooroordele.

Die mensbeskouing hou baie nou verband met die veroorsakingsvraagstuk. So sien die humanis byvoorbeeld die totstandkoming van gebeurtenisse primêr as die gevolg van die menslike wil en handelinge en doeleindes, waardeur die mens dan tot alleen-veroorsaker of bron of outeur van die geskiedenis (as werklikheid) verhef word; die Marxis sien die oorsaak van alle gebeure in ekonomiese faktore en verwikkelinge terwyl die mens noodwending in daardie ekonomiese proses ingetrek en ingesleur word; die Calvinis sien die oorsaak van alle gebeure in die wil van God, Wat mense gebruik en toelaat om binne die raamwerk van Sy raadsplan handelinge te verrig waardeur Sy wil, ook in die geskiedenis, geopenbaar word.

So benader elke historikus die verlede uit sy eie

standpunt, soos bepaal deur sy geskiedbeskouing. Uit daardie standpunt ondersoek hy sy bronne, behandel hy dit krities, vorm hy in sy gees 'n beeld van daardie verlede, vertel hy die verhaal daarvan en bied hy dit aan as die historiese waarheid. Sy kollega doen presies dieselfde, maar uit 'n ander standpunt, met 'n ander beeld en 'n ander verhaal van dieselfde gebeure — en ook hy bied dit as die historiese waarheid aan. En so gebeur dit met elke ander historikus.

Waar historiese verhale so van mekaar verskil kan nie gesê word dat die een of die ander nie waar is nie, of dat die een meer waar is as die ander nie, want daar bestaan geen wette of reëls of standaard kennis van hoe mense hulle in verskillende situasies sal gedra en hoe hulle hulle behoort te gedra, of watter algemene standaarde ook al, op grond waarvan so 'n historiese waarheidstoets aangelê kan word nie. Wat wel die geval is, is dat waar elke historikus die verlede uit sy eie standpunt benader, hy beslis 'n sekere insig kry in wat werklik plaasgevind het, omdat die verlede aan hom geopenbaar is ooreenkomstig sy bepaalde standpunt, en as sodanig word die geskiedenis dan deur hom geïnterpreteer. Hy glo dat *sy* beeld van die verlede 'n korrekte beeld is en so glo almal wat sy standpunt toegedaan is. So kan 'n hele aantal verhale van dieselfde gebeurtenis van mekaar verskil terwyl almal histories waar is, elkeen uit die bepaalde gesigspunt van sy outeur. Daarom kan geen geskiedskrywer se verhaal van wat in die verlede gebeur het geheel en al deur iemand verwerp word as onwaar bloot op grond daarvan dat dit uit 'n ander standpunt benader en geskryf is nie, maar is dit die plig van die historikus om hom ook van ander standpunte (lewens- en wêreldbeskouinge) op die hoogte te stel om sodoende in staat te wees om die historiese waarheid in ander werke nie net te kan beoordeel nie, maar ook te kan waardeer.

* * * *

Die Geskiedenis word aan hierdie Universiteit (die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër On-

derwys) ook uit 'n bepaalde standpunt beoefen, naamlik die Christelike, meer bepaald die Calvinistiese, 'n standpunt wat deur baie as eng en bekrompe beskou word, maar wat myns insiens op so 'n breë grondslag berus dat dit die beoefenaar van dié wetenskap uit dié standpunt juis nie in bekrompenheid en eensydigheid kan laat verval nie.

Wie hom op hierdie standpunt stel erken God as enigste Outeur en Leier van die geskiedenis (as werklikheid) en sien die totstandkoming van gebeurtenisse (feite) as 'n openbaring van die raadsplan van God met die wêreld, die mensdom, elke ras, elke bepaalde volk. Uit dié standpunt word die geskiedenis dan in die eerste plek as 'n *eenheid* gesien en wel in drieërlei opsig:

(i) die geskiedenis het 'n begin, 'n doelgerigte voortgang en 'n einde, wat nog nie bereik is nie;

(ii) geen mens, volk of ras is van die geskiedenis uitgesluit nie;

(iii) geen enkele faktor(e) wat met die veroorsaking van die geskiedenis te doen het, word uitgesonderd as dié faktor(e) waardeur die geskiedenis veroorsaak word nie, en geeneen word buite rekening gelaat nie.

Daardeur word die Calvinis-historikus in staat gestel om nie negatief-oordelend, soos deur ander lewens- en wêreldbeskouinge dikwels gedoen word, te werk te gaan nie, maar positief-beoordelend, wat afkeurend sowel as waarderend kan wees, en per slot van rekening steeds verantwoord kan word. So kan die Calvinis waardering hê vir die humanistiese standpunt in verband met die mens se aandeel aan die totstandkoming van feite, maar kan hy aan die ander kant ook die oordrewe humanistiese mensverering en die toekenning van *primêre* skeppingsmag aan die mens veroordeel omdat hy die mens sien as skepsel van God, deur God geroepe en/of toegelaat tot sekere handelinge, deur God gebruik as mede-arbeider onder Sy leiding om geskiedenis te vorm, d.i. feite tot stand te laat kom. Die Calvinis kan simpatie hê met die Marxis se siening van die ekonomiese veroorsaking van die geskiedenis, maar eweneens kan hy dadelik teen dié

siening stelling inneem dat dit *nie net* ekonomiese faktore is waardeur die geskiedenis tot stand kom nie, maar dat ekonomiese faktore 'n belangrike rol speel in samewerking met al die ander faktore wat deur God in die skepping gelê is.

Op hierdie wyse kan voortgegaan word om aan te toon dat die Calvinistiese geskiedbeskouing ons in geen enkele opsig daartoe bring om die leerstellinge van enige ander geskiedbeskouing sonder meer te verwerp, bloot net omdat dit op 'n heidense of watter ander filosofie ook al gebaseer is nie, maar dat telkens sekere elemente in daardie geskiedbeskouing(e) na waarde geskat kan word terwyl terselfdertyd op die gebreke daarvan gewys kan word. Sodoende kan die Calvinis die historiese waarheid, soos uit ander standpunte geformuleer, herken en waardeer en kan hy in sy eie formulering van die historiese waarheid selfs daarvan profiteer. In hierdie verband wil ek my verstout om te sê, indien ek nie verkeerd verstaan sal word nie, dat terwyl die Calvinistiese standpunt van bekrompenheid beskuldig word, dit in der waarheid 'n baie „liberale" standpunt is, waarbinne die historikus in sy beeldvorming van die geskiedenis en in sy formulering van die historiese waarheid 'n veel vryer beweging en groter beweegruimte geniet as wat die geval met ander standpunte is.

So 'n geskiedbeskouing wat die geskiedenis as 'n eenheid kan sien, wat in die geskiedenis 'n plan kan onderskei, wat die feite as waarheidsmomente in die openbaring van God se raadsplan erken, wat die verskillende veroorsakingsfaktore in hulle verskeidenheid, individueel sowel as in hulle onderlinge wisselwerking met mekaar kan herken, wat die mens as skepsel en mede-arbeider van God in die vorming van die geskiedenis kan sien, stel myns insiens sy beoefenaar van die Geskiedenis in die geleentheid tot 'n veel minder eensydige interpretasie van die geskiedenis as ander standpunte.

Die Calvinis-historikus, wat glo en bely dat hy geroepe is om geskiedenis te bestudeer en om die verhaal te vertel van die openbaring van God se raadsplan in dié

bepaalde verband, glo ook dat in daardie ondersoek dit wat nodig is om die verhaal te kan vertel, aan hom geopenbaar sal word waardeur hy in staat gestel word om tot historiese waarheid te geraak vir sover dit aan hom geopenbaar is. Absolute historiese waarheid is onbereikbaar, want die volle waarheid word nooit aan die mens geopenbaar nie. In hierdie lewe bly ons slegs ten dele ken. En in die besef van eie onvolkomenheid en nieteenstaande ons daarvan bewus is dat baie ander praktiese faktore ons verhinder om die volle waarheid ooit te ken, moet dit steeds die strewe bly om die historiese waarheid onder alle omstandighede te verkondig. As ons in die beoefening van die Geskiedenis opreg en eerlik is, sal ons ook met die vermoë begenadig word om die verlede so juis as moontlik te leer ken, so juis as moontlik te verstaan en so juis as moontlik weer te gee. As ons dit doen, kan ons ook verseker wees dat ons ons plig en roeping na die beste van ons vermoë vervul het en dat ons ons nie skuldig maak aan 'n opsetlike verdraaiing van dit wat God in die geskiedenis tot openbaring laat kom het nie.

J. S. du Plessis.

AANTEKENINGE:

1) *Aron, Raymond:* Introduction to the philosophy of history. Translated by George J. Irwin (London, 1961), p. 15.
2) Sien *Rawlinson, George:* History of Herodotus (London, 1880), vol. I, p. 143.
3) *Bernheim, E.:* Lehrbuch der historischen Methode (Leipzig, 1908), p. 5.
4) *Collingwood, R. G.:* The idea of history (Oxford, 1951), p. 9.
5) *Du Plessis, J. S.:* Wat is „Geskiedenis"? (*Perspektief*, jrg. I, no. 4, Maart 1963). Sien ook *Van Jaarsveld, F. A.:* Geskiedskrywing as beeldvorming van die verlede, hoofstuk 1: Wat beteken die woord Geskiedenis? (Gepubliseer in *Van Jaarsveld, F. A.:* Die Afrikaner en sy geskiedenis. Nas. Boekhandel Bpk., Kaapstad, 1959).
6) „Die Geschichtswissenschaft ist die Wissenschaft, welche die zeitlich und raümlich bestimmten Tatsachen der Entwick-

lung der Menschen in ihren (singulären wie typischen und kollektiven) Betätigungen als soziale Wesen in Zusammenhange psycho-physischer Kausalität erforscht und darstellt" (*Bernheim:* a.w., p. 9).

7) „Geschichte ist die Wissenschaft, die die Erscheinungen des Lebens zu beschreiben und nachfühlend zu erklären zucht, soweit es sich um Veränderungen handelt, die das Verhältnis des Menschen zu den verschiedenen gesellschaftlichen Gesamtheiten mit sich bringt, indem sie diese vom Standpunkt ihrer Wirkung auf die Folgzeit oder mit Rücksicht auf ihre typischen Eigenschaften auswählt und ihr Hauptaugenmerk auf solche Veränderungen richtet, die in der Zeit und im Raum unwiederholbar sind" (*Bauer, dr. Wilhelm:* Einführung in das Studium der Geschichte, Zweite, verbesserte Auflage — Unveränderter Nachdruck der Minerva G. m.b.H. Frankfurt a. M., 1961, p. 17).

8) *Kruyskamp, dr. C.:* Groot Woordenboek der Nederlandse Taal ('s-Gravenhage, 1961).

9) *Stoker, prof. dr. H. G.:* Beginsels en metodes in die wetenskap (Potchefstroom, 1961), p. 36.

10) Sien in hierdie verband ook *Van Jaarsveld:* Die Afrikaner en sy geskiedenis, p. 16 e.v.

11) Encyclopedia Americana, vol. 14, p. 208.

12) *Thucydides:* The history of the Peloponnesian War. Literally translated by the Rev. Henry Dale, M.A., vol. I (London, 1896), Book 1, paragraph 20, p. 13.

13) *Philippen, L. J. M.:* Beknopte methodiek der geschiedvorsching (Antwerpen, 1942), p. 8.

14) *Langlois, Ch. V. & Seignobos, Ch.:* Introduction to the study of history, translated by G. C. Berry (4th imp., London, 1932), Book I, ch. 1.

15) Vgl. *Van Jaarsveld, dr. F. A. & Rademeyer, dr. J. I.:* Teorie en metodiek vir geskiedenisonderrig (Johannesburg, 1960), p. 31.

16) Belangstellendes word in hierdie verband verwys na o.a. *Bauer:* a.w., hfst. 7; *Philippen:* a.w., eerste deel; *Feder, Alfred:* Lehrbuch der historischen Methodik (Regensburg, 1924) Erster Hauptteil; *Bernheim:* a.w.

17) *Bauer:* a.w., p. 157.

18) *Kirn, prof. dr. Paul:* Einfürung in die Geschichtswissenschaft (Walter de Gruyter & Co., Berlin, 1959), p. 29.

19) *Langlois & Seignobos:* a.w., p. 17. Deur my gekursiveer.

20) Volgens 'n ondersoek van dr. F. A. van Jaarsveld is die benaming *Groot Trek* teen die einde van die jare sestig en begin sewentig van die vorige eeu vir die eerste keer gebruik en wel, na dit skyn, in Engelse geskiedenisboeke uit daardie tyd. Sien

*Van Jaarsveld, F. A.:* Die ontstaansgeskiedenis van die begrippe „Voortrekkers" en „Groot Trek" (aanvanklik gepubliseer in Hertzog-Annale, Desember 1957; nou ook gepubliseer in *Van Jaarsveld:* Lewende Verlede — Johannesburg, 1962). Sien ook Lewende Verlede, p. 191.

21) *Van der Walt, A. J. H.:* Geskiedbeskouing en geskiedvorsing (Koers, Februarie 1956, p. 213).

22) *Van Jaarsveld:* Die Afrikaner en sy geskiedenis, p. 18.

23) *Van der Walt:* a.w., p. 213.

24) Ibid.

25) Deur my gekursiveer.

26) Sien *Dilthey, Wilhelm:* Gesammelte Schriften VII Band: Der Aufbau der geschichtlichen Welt in den Geisteswissenschaften (Stuttgart, 1958), p. 191.

27) Ibid., p. 205. Vir Dilthey se uiteensetting van „Das Versthen anderer Personen und ihrer Lebensäusserungen" sien ibid., p. 205 e.v.

28) *Van Jaarsveld:* Lewende Verlede, p. 28.

29) Vgl. ook *Van Jaarsveld:* Lewende Verlede, p. 28.

30) *Droysen, Johann Gustav:* Historik. Vorlesungen über Enzyklopädie und Methodologie der Geschichte. Herausgegeben von Rudolf Hübner. Vierte, unveränderte Auflage (R. Oldenbourg, München, 1960), p. 328.

31) Vir besonderhede sien *Philippen:* a.w., p. 67—71 en *Feder:* a.w., p. 218—230.

32) Sien *Feder:* a.w., p. 230—232 en *Philippen:* a.w., p. 71—72.

33) Vgl. *Feder:* a.w., p. 233.

34) Vgl. *Renier, G. J.:* History. Its purpose and method, 2nd imp. (London, 1961), ch. 1 & 2.

35) *Philippen:* a.w., p. 8.

36) *Van Jaarsveld:* Die Afrikaner en sy geskiedenis, p. 32.

37) Ibid.

38) *Krüger, D. W.:* Die relatiwiteit van die geskiedbeskouing (Koers, deel XIII, no. 5, April 1946, bl. 159—160). Deur my gekursiveer.

39) *Huizinga, J.:* Over een definitie van het begrip geskiedenis (Verzamelde Werken, VII — Haarlem, 1950), p. 102.

40) *Croce, Benedetto:* Theory and history of historiography, translated from the Italian by Douglas Ainslie (London, 1921), p. 12.

41) Ibid., p. 201.

42) Aangehaal by *Krüger:* a.w., bl. 160.

43) Sien *Walsh, W. H.:* An introduction to philosophy of history (London, 1951), p. 99—100. Sien verder i.v.m. seleksie ook *Renier:* a.w., p. 171 e.v.

44) Sien in hierdie verband *Van Jaarsveld, dr. F. A.:* Apologetiek

en objektiwiteit in ons kerkgeskiedskrywing (uitgegee deur die Skrywer, 1953).

45) Vgl. *Walsh:* a.w., p. 101.

46) Ibid.

47) Ibid., p. 101—102.

48) *Van Jaarsveld, F. A.:* Ou en nuwe weë in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing (Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria. A. 16. 1961).

49) *Engelbrecht, prof. dr. S. P.:* Geskiedenis van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika. Tweede hersiene en vermeerderde uitgawe (H.A.U.M., Kaapstad, 1936); *Scholtz, G. D.:* Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, 1842—1910 (2 dele) (1956).

50) *Engelbrecht, prof. dr. S. P.:* Dr. G. D. Scholtz se Geskiedenis van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk (Pretoria, 1957); *Scholtz, G. D.:* My antwoord aan prof. dr. Engelbrecht (Johannesburg, 1957); *Engelbrecht, prof. dr. S. P.:* Nogmaals dr. G. D. Scholtz se Geskiedenis van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk (Pretoria, 1957); *Scholtz, G. D.:* My verdere antwoord aan prof. dr. S. P. Engelbrecht (s.j.).

51) Sien voetnoot 21 hierbo.

## AANVULLENDE LYS GERAADPLEEGDE WERKE:

Benewens die werke wat hierbo in die voetnote genoem is, ook nog die volgende paar:


1) *Bloch, Marc:* The historian's craft, translated from the French by Peter Putnam (Manchester, 1954).

2) *Bouman, prof. dr. P. J.:* In de ban der geschiedenis (Assen, 1961).

3) *Geyl, dr. P.:* Gebruik en misbruik der geschiedenis (Groningen, 1956).

4) *Gottschalk, Louis:* Understanding history (New York, 1951).

5) *Hockett, H. C.:* The critical method in historical research and writing (New York, 1955).

6) *Huizinga, J.:* De wetenschap der geschiedenis (Haarlem, 1937).

7) *Löwith, Karl:* Meaning in history (6th imp. Chicago, 1960).

8) *Popma, dr. K. J.:* Calvinistische geschiedbeschouwing (Franeker, 1945).

9) *Romein, Jan:* In de hof der historie (Amsterdam, 1951).

10) *Stoker, prof. dr. H. G.:* Praktiese Calvinisme (Potchefstroom, 1956).

11) *Van Schilfgaarde, dr. P.:* De zin der geschiedenis (Leiden, 1946—1947).